# Meisies wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander



Ellen Degeneres




Georgia O’Keeffe

# Ellen Degeneres

## Komediant en TV-Gasvrou



Een nag het Ellen van 'n voël in 'n hok gedroom. In die droom, het die voël besef dat daar genoeg spasie tussen die tralies is om weg te vlieg. Ellen het presies geweet wat die droom beteken.





Sy was 'n komediant, en sy het in 'n gewilde TV-program gespeel waar sy as 'n vrou gespeel het wat van mans gehou het. In werklikheid het Ellen egter van vrouens gehou. Maar sy kon vir niemand daarvan vertel het nie.


Destyds het haar base gedink dat as die program se aanhangers geweet het dat sy lesbies is, hulle sou ophou om dit te kyk.






Maar om stil te bly het nie reg vir Ellen gevoel nie. Sy wou nie meer wegkruip nie, en sy wou hê dat ander homoseksuele mense regoor die wêreld moet sien dat hulle nie alleen is nie.

So, in een van die episodes van haar program, het haar karakter by haar terapeut uitgekom, wat deur Oprah Winfrey gespeel is. Dit was die eerste keer in die geskiedenis dat 'n hoofkarakter op 'n televisieprogram openlik homoseksueel was.






Haar onthulling het skokgolwe deur die Amerikaanse media gestuur. Haar vertoning is uiteindelik gekanselleer, en Ellen het haarself werkloos en depressief gevind. Vir drie jaar het sy geen aanbiedinge van werk ontvang nie.

Toe eendag lui die telefoon. "Wil jy 'n vis met geheue probleme speel in 'n nuwe Pixar-fliek?" vra die oproeper. Ellen was in ekstaties.



Die vis met die naam Dory
het 'n ikoniese karakter
geword.






Vandag is Ellen 'n superster. Sy het die Presidensiële Medalje van Vryheid ontvang vir haar dapperheid, en haar geselsprogram word elke dag deur miljoene mense gekyk.

*“Vind uit wie jy is en vind uit waarin jy glo,” het sy graag gesê. “Al is dit anders as waarin jou bure glo en anders as waarin jou ouers glo.”*



# Georgia O’Keeffe


## Skilder




Op 'n tyd het 'n vrou 'n deur gesien. Dit was 'n gewone deur, verweer en oud en wat in 'n rousteen-moddermuur gesit het.



Maar die vrou was geen gewone vrou nie. Haar naam was Georgia O'Keeffe, en sy was 'n aansienlike kunstenaar.





Sy het die hele dag 'n skildery van die deur gemaak. Toe tree sy terug en kyk na die skildery.

Daar was iets wat nie heeltemal reg was nie, hier kort nog iets. So, sy het 'n ander skildery begin.

Hierdie een was beter as die vorige een, het sy besluit, maar dit was nog steeds nie heeltemal reg nie.

Sy het weer begin. En weer. Sy het meer as twintig skilderye van dieselfde deur gemaak!



Elke keer as Georgia iets gaan verf het, wou sy die kern kry van wat dit ook al was - 'n blom, 'n heuwel, 'n dierskedel of 'n gewone ou deur. Sy wou nie net skilder hoe 'n blom lyk nie, maar wat dit is, sy hele wese.







***"Wanneer jy 'n blom neem en regtig daarna kyk," het sy verduidelik, "is dit jou wêreld vir daardie oomblik."***

Haar skilderye van blomme was groot – dit was asof een blom die hele lug kon vul. Met eenvoudige vorms en kleurblokke het Georgia 'n heel nuwe kunstaal geskep.





Haar werk het geweldig gewild geword, en almal wou haar ontmoet. Maar Georgia het daarvan gehou om op haar eie te wees. Sy het in 'n plek genaamd Ghost Ranch in New Mexico gewoon.



Sy was mal oor die plek, waar die woestyn lig sterk en helder was, en die landskap wild en vry was – net soos sy.



# Georgia O'Keeffe

# 1887-1986

THINK

DIGITAL ACADEMY